# Breuke les 2

## Graad 3

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Les 2: Breuke – gelyke verdeling



No. 1 Adam se mamma gee vir hom en sy maatjie 1 fizzer om te deel. Watter breukdeel gaan elkeen kry? (Onthou: elke deeltjie moet ewe groot wees!)

Ons teken 'n prentjie om ons te help.






½ ½


Elkeen gaan een halwe of die helfte of ½ kry.





---

No. 2 As 4 dogters 'n pizza gelykop verdeel, watter breukdeel kry elkeen? Teken 'n prent om jou antwoord te verduidelik.





Elkeen kry 1 stukkie van die 4 stukke, so elkeen kry een kwart of ¼.




No. 3 As 3 seuns 'n stuk droëwors gelykop verdeel, watter breukdeel kry elkeen? Ons teken weer 'n prentjie om ons antwoord te verduidelik.



$\frac{1}{3}$



$\frac{1}{3}$



$\frac{1}{3}$



$\frac{1}{3}$

Antwoord: Elkeen kry een derde of $\frac{1}{3}$

No. 4 Adam se mamma gee nou vir hom en sy maatjie drie Fizzers wat hulle gelykop moet verdeel. Wat nou? Hoeveel gaan elkeen nou kry?

Kyk eers of jy dit self kan uitwerk – onthou om 'n prent te teken.



1½



$1\frac{1}{2}$




$\frac{1}{2}$ $\frac{1}{2}$

**Ja, jy is reg! Elkeen kry 1 hele en 'n halwe.**
**Die kruisie oor die Fizzer beteken jy het dit klaar uitgedeel. Die Fizzer wat oorbly, deel jy in 2 dele, want daar is mos 2 seuns.**


**Onthou: Ons kan een en 'n halwe ook so skryf: 1½.**
**Die groot 1 is die hele.**

No. 5 Drie dogtertjies verdeel 4 worsies gelykop tussen hulle. Hoeveel gaan elke dogtertjie kry? (Vra vir Mamma of sy vir jou 4 worsies kan gee en dan kyk jy of jy die som kan doen en die antwoord kan bereken.)

Teken 'n prent om te wys hoe jy die antwoord bereken het.



$1\frac{1}{3}$ $1\frac{1}{3}$ $1\frac{1}{3}$



**Elke dogtertjie kry 1 hele en dan deel hulle die laaste een wat oorbly, in 3 dele. Daar is mos 3 dogtertjies, so elkeen moet 'n stukkie van die laaste worsie kry! Ons noem daardie stukkie een derde.**

**Antwoord: Elke dogtertjie kry 1 hele en 'n derde = $1\frac{1}{3}$**

# Probeer hierdie uitdagings!

(Doen eers die somme en kliek dan om die antwoorde te kry.)

As 10 maats 'n koek gelykop verdeel, kry elkeen .................. van die koek.



Antwoord: een tiende of $\frac{1}{10}$

Verdeel hierdie koekies gelykop tussen 2 maats.




Elkeen kry .......... koekies.

Antwoord: drie en 'n halwe (3½)

Watter breuk van hierdie pizza is nog nie opgeëet nie?

............ is nog nie opgeëet nie.



Antwoord: vier vyfdes of $\frac{4}{5}$